RAADSBELEID

ONDERWERP : TOEKENNING VAN GRATIS GRAFPERSELE AAN HULPBEHOEWENDE INWONERS

VERWYSING : 16.6.B

BESLUIT NR : 16/09/2002 DATUM : 30 September 2002

BELEIDSOOGMERK : Om aan hulpbehoewende naasbestaandes van 'n oorledene 'n gratis graf te gee sodat 'n begrawing kan plaasvind.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

'n Oorledene wat nie kwalifiseer vir 'n hulpbehoewende begrawing soos bepaal deur wetgewing nie, maar wél hulpbehoewend is, se naasbestaandes kan ondersteun word deur die voorsiening van 'n gratis graf.

RIGLYNE

Dit is die Raad se voorneme om werklike hulpbehoewende naasbestaandes te help met die voorsiening van 'n gratis graf en moet aansoekers 'n bewys kan lewer dat die aansoek meriete het.

PROSEDURE

1. Aansoekers, wat kwalifiseer in terme van die Raad se Hulpbehoewende beleid, nader die Skakelbeampte vir die toekenning van 'n gratis graf.

2. Meriete aansoeke word op die voorgeskrewe aansoekvorm aangedui en na oorleg met die betrokke Wyksraadslid, na die Munisipale Bestuurder deurgegee vir goedkeuring.

3. Die goedgekeurde aansoekvorm word na die Parke en Rekreasie Afdeling deurgegee, wat 'n grafperseel aan die oorledene toeken.

ROLLE

Die Parke en Rekreasie Afdeling is verantwoordelik vir die uitvoering van die beleid.

VERWANTE BELEID

1. Hulpbehoewende begrawings of verassings van oorledenes met geen naasbestaandes.

2. Hulpbehoewende beleid.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige besluite in hierdie verband herroep word